E-pos: kontak@volksraad.co.za

Sel.nr.: 082 322 6590

Sekretaresse: 012 803 0712

Posbus 71214, Die Wilgers, 0041

Webwerf: www.volksraad.co.za

Aansoek om hofbevel teen Regering.

6 Mei 2014

MEDIA-VERKLARING: AANSOEK OM HOFBEVEL TEEN REGERING

Kennisgewing van 'n aansoek deur die Boere-Afrikanervolksraad by die Hooggeregshof om 'n bevel wat die Regering sal dwing om te sê of hy bereid is om met die Volksraad in onderhandeling te tree oor die implementering van die konsep van territoriale selfbeskikking vir die Boere-Afrikanervolk, al dan nie, is vandag op beide die President en die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling beteken.

Die stap volg nadat die President reeds meer as twee jaar lank herhaalde versoeke van die Volkereg en die Internasionale Gemeenskap erken by wyse van spesifieke internasionale verdrae en handveste, waaronder die *Internasionale Konvensie oor Burgerlike en Poltieke Regte* en die *Handves van die Verenigde Nasies,* alle volke se reg op selfbeskikking.

As medeondertekenaar van die gemelde Handves en Konvensie is die Suid-Afrikaanse Regering daartoe verbing om wetgewende en ander prosesse in werking te stel ten einde volkere wat onder sy gesag staan en selfbeskikking begeer, in staat te stel om dit te bereik.

Die Regering se versuim om op die Volksraad se herhaalde versoeke te reageer, word vertolk as 'n stilswyende beleid om hom nie aan die tersaaklike bepalings van sodanige verdrae te steur nie. Dit laat die Volksraad geen ander keuse as om kragtens die voorskrifte van die Volkereg, hom tot die Hof, en uiteindelik tot die internasionale forums wat met verbreking van die verdrae te handel, te wend nie.

Kragtens die hofreëls het die Regering tot 15 Mei tyd om aan te dui of hy die aansoek in die Hof gaan teenstaan al dan nie.

A.E. Breytenbach

Voorsitter

Tel.: 012 802 4285

Mobiel: 082 322 6590

Faks: 086 651 8417

E-pos: Andries.Breytenbach@gmail.com